

Opregtheid en waarheid

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B328b

Skriflesing uit Lukas 3: 1 – 20

Kernvers: 8,9 – ‘Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: ons het Abraham as vader nie; want Ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek.’ En vers 9: ‘Maar die byl lê ookal teen die wortel van die bome. Elke boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.’

God is geen aannemer van die persoon nie, daarom as die Here sekere voorskrifte in Sy Woord neergelê het, dan moet ons dit nakom.

Vir elke mens en elke volk en elke geslag, kom daardie oomblik van waarheid wat jy die feite en gevolge in die oë moet staar. Dalk sal ons sekere gevolge in ons lewens vryspring maar by die dood en in die ewigheid sal ons weer daarmee gekonfronteer word.

Die Here sê vir ons in Sy Woord, in Openbaring 20 waar die toneel vir ons geskilder word van die laaste oordeel waar elke mens verantwoording sal doen vir sy dade. In vers 11 beskryf dit die Groot Wit Troon wanneer die boeke oopgemaak sal word en die dode geoordeel sal word volgens hul werke.

Onthou wat Johannes vir daardie mense gesê het in Luk.3 : 7,8 nl. dat hulle moet vrugte dra wat by die bekering pas en dat elke boom wat nie vrugdra nie, uitgekap en in die vuur gegooi sal word.

Ons werke in hierdie lewe word sekerlik in daardie boeke opgeskrywe en die see sal sy dode voortbring en die doderyk sal sy dode opgee wat daarin was.

Dank die Here dat Hy die dae verleng sodat diegene wat nie in die boek van die Lewe opgeskryf is nie, nog daar sal kan kom want God het nie behae in die dood van ‘n sondaar nie maar dat hy hom sal bekeer. God wil nie hê dat enigiemand verlore moet gaan nie maar dat almal tot bekering moet kom.

God gebruik selfs Sy goedheid om sommige mense tot bekering te bring.